‘n Nuwe baadjie, wat netjies pas

Wonderlike idees om afgeremde vertrekke op te kikker en nuut te laat lyk

Projek 1

Alleenlopers se tuistes hoef nie onnet en deurmekaar te wees nie. Hierdie eenmanswoonstel in Fourways, Johannesburg het ‘n oopplanontwerp en die eienaar wou graag dat die sitkamer en eetkamer afgebaken word as twee leefruimtes. Daar was boonop te min pakplek waar hy al sy CD’s, DVD’s, wynbottels en groot versameling Afrika-kuns kon uitstal en wegpak.

Die eienaar het besluit om ‘n binneversierder om raad en hulp te vra. Hy het Alida Lambooy gekry om sy woonstel om te tower.

“My idee was om die sitkamer en eetkamer apart te hou, deur verskillende houtsoorte in elke spasie te gebruik. Ek het harmonie tussen die twee ruimtes geskep deur kleure wat mekaar komplementeer (groen, rooi, oranje en bruin) te gebruik en die nodige ontwerpelemente soos lyn, vorm, ritme en tekstuur te herhaal,” verduidelik Alida.

“Ek het die uitleg so beplan dat daar gemaklike beweeg- en loopspasie tussen die twee ruimtes is. Ek wou ook nie die spasie te vol maak nie en het by reguit lyne en ontwerpe gehou,” vertel sy.

Eetkamer na

‘n Moderne, dog klassieke voorkoms is gekombineer met Afrika-versamelstukke om die eienaar se persoonlikheid en leefstyl te weerspieël.

Sitkamer na

‘n Muureenheid wat die hele muur in die sitkamer beslaan is ontwerp en gebou om die TV, boeke, wyn en ander versamelstukke te akkommodeer. Daar is ook genoeg laaie en kaspasie om vir nog pakplek te sorg.

Strooikussings
Verskillende kleure, patrone en groottes verskaf visuele interessantheid. Die materiaal is van Hertex.

Bank
Die L-vormige leerbank van Weylandts pas by die vertrek se grootte en styl.

Ottomans
Die ottomans van nagemaakte seemsleer van Mr Price Home is ‘n veelsydige kopie. Hulle kan gebruik word as ‘n koffietafel of as ekstra sitplek.

Stoel
Die kleur en die vorm van die Magaritha-stoel (@homelivingspace) dien as ‘n fokuspunt in die sitkamer.

Voor
Die sitkamer vertoon baie onnetjies omdat daar nie pakplek is om losstaande artikels in weg te bêre nie.

Tafel
Die bestaande tafel se pote is afgeskuur en sitbankies is gebou om presies onder die tafel in te skuif as dit nie gebruik word nie. Die bankies se sponskussings is oorgetrek met groen materiaal van Stuart Graham.

Deur
Die antieke deur is ongeveer 300 jaar oud en is in Stone Town, Zanzibar gekoop. Dit is teen die eetkamer-muur gemonteer as fokuspunt.

Kuns
Kaarte van Afrika-lande, waarin die eienaar gebly het is op die dieselfde groen agtergrond gemonteer en in dieselfde houtrame geplaas om ‘n visuele eenheid te skep.

Stoele
Die gekerfde stoele aan die koppe van die tafel is afkomstig van Tanzanië. Die sitkussings is met ‘n streep-materiaal van Chelsea Harbour oorgetrek.

Voor
Daar is geen kleurskema in die eetkamer nie. Niks pas regtig bymekaar nie en daar is geen styl nie.

Vir meer inligting oor hierdie projek, kontak Alida Lambooy van Living Divani Design & Décor by 011-452-7043 of besoek die webtuiste: www.livingdivani.co.za